

Bio-Blog

Augustus 2022

Om aandeelhouders van die RBX Groep op hoogte te hou

Nota van die Besturende Direkteur

Produksie van motte begin weer die week in Citrusdal. Vrylating begin slegs vroeg September, maar met die 4 week lewenssiklus van die motte, moet produksie vir die nuwe seisoen plaasvind voor alle kontrakte met produsente geteken word. Ondersteuning vir die program is bemoedigend, veral gedurende hierdie moeilike tye, en in sekere areas is daar nuwe produsente wat vir die eerste keer aansluit by die SIT program. 'n Gebeurtenis waarna ons al lank na uitsien by River Bioscience is die registrasie van CryptoMax. Dit is wonderlik om meer opsies en buigsamheid aan produsente te kan gee met ons fantastiese virus produkte.



Internasionale Samewerking Toer

'n Kritiese bydraer tot die groei van ons maatskappye oor die jare is te danke aan die samewerking met eendersdenkende en sinergistiese maatskappye reg oor die wêreld. Dit is om te waarborg dat ons toegang en aanbieding onderhou van ons fantastiese produkte vir ons produsente wat inpas by 'n volhoubare en holistiese geïntegreerde pesbestuursprogram. Terselfdetyd, kyk ons ook buite Suid-Afrika na markte waar ons patente en wêreld-klas virus- en ander produkte, benodig word. Ongelukkig het COVID19 se reis-en-interaksie beperkings oor die afgelope twee jaar aansienlik ons vermoë ingekort om te reis en in-persoon interaksies met ons besigheidsvernote uit te voer. Met soveel ontwikkelingsprojekte en nuwe besigheidsgeleenthede wat verken word, kon die vermindering van werkswinkel tyd nie heeltemal vervang word met aanlyn interaksies nie en 'n hoeveelheid van ons projekte was reeds vertraag as gevolg daarvan.

Vroeg in July het Rob, ons Besturende Direkteur, asook Sean, ons Hoof Kommersiële Beampte, op 'n uitgebreide reis rondom Europa en die VSA vertrek om vas te stel hoe om ons huidige projekte verder te groei asook die verkenning van opsies vir nuwe projekte.



Rob en Sean met Azenor, CEO van ISCA, California VSA, en Charlene, hul Sleutel Rekening Bestuurder

Dr. Andre Schreuder, een van ons nie-uitvoerende direkteurs, het hulle vergesel op 'n gedeelte van die reis.

Ons is trots om te rapporteer dat die vergaderings baie goed gegaan het en hoof projekte vir beide ons Suid-Afrikaanse en internasionale sake ondernemings gestig is, en aksies is vasgestel.

CRYPTOMAX™

Jou taai situasies is iets van die verlede...

Vals kodlingmot (VKM) bly steeds 'n fitosanitêre risiko vir menige uitvoermarkte. River Bioscience is toegewyd om die produsente met VKM-bestuur op verskillende vlakke by te staan en is trots om die amptelike bekendstelling van ons CryptoMax-produk aan te kondig. CryptoMax is 'n insek patogeniese virus formulering wat VKM larwe teiken en doodmaak voor infestasië in vrugte plaasvind. CryptoMax onderhou 'n hoë vlak van doeltreffendheid sonder die byvoeging van melasse as 'n voeding stimulant. Dit verbeter die gemak van gebruik van ons virus vir sitrus produsente.

Klik hier vir meer inligting



Augustus Verjaarsdae

Malizca Abrahams, Cheslin Aford, Welton Basson, Tristan Comley, Cornelius Damon, Edwald Dirks, Jan Dirks, Getruida Engelbrecht, Frederick Lionel Fortuin, Kenneth Gamble, Zoleka Marwanqana, Gurmour Pedro, Bronwill Pieters, Marco Saayman, Franco September

Trotse Lede van die CGA Groep van Maatskappye

